

**31 Julie**

**Skrifgedeelte: Maleagi 3:6–4:6  
Fokusgedeelte: Maleagi 3:13–4:3**

**Wat help dit om die Here te dien?**

Ten spyte van die Here se voortdurende vermanings om dit wat verkeerd is reg te maak, was die volk steeds vol verwyte en vrae. Wat help dit om jou kant te bring teenoor God as dit jou nie voorspoed waarborg nie? Wat help dit om rouklere aan te trek as dit niks aan jou omstandighede verander nie? Wat help dit om reg te lewe as dit voorspoedig gaan met dié wat die Here uitdaag? Die konklusie: dit is nutteloos om God te dien!

Die Here antwoord volledig op hierdie vermetele vrae. Hy gee vir ons moed deur te wys op sy gedenkboek. Daarin is die name opgeskryf van sy getroue gelowiges. Hy staan nie onbetrokke by ons doen en late hier op aarde nie. Eendag sal sy gedenkboek oopgemaak word. Dit word ook die boek van die lewe genoem. Oor diegene wie se name in die boek opgeskrywe is, sal die son van redding skyn. Daar sal vreugde en blydschap wees. Vir die goddeloses sal daar oordeel wees.

Die Here bemoedig verder deur sy volk sy “kosbare besitting” te noem. Hy sal hulle bewaar in alle omstandighede – ook op die oordeelsdag. Ons behoort aan die Here. Ons is God se eiendomsvolk, duurgekooptes deur die bloed van Jesus Christus. God sal ons vir altyd bewaar.

Moenie vra: Wat help dit om die Here te dien? Vra eerder: Wat kan ek Hom bring uit dank vir sy genade?

*Sing: Psalm 139:8*

*Ds AL Pelsner (Meyerspark)*